## Gedig



**Sproeireën**
D.J. Opperman (1917–1985)

My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand ... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

As ek 'n stukkie nartjieskil
tussen my vingers buig of knak,
breek uit die klein sproeireën
wat geurend om my hand uitsak,
die boorde weer van Swartfoloos
en met die nartjies om my heen
weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.

O my nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand ... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

[Bron: <https://maroelamedia.co.za/afrikaans/gedigte/gedig-sproeireën-4>
Datum van toegang: 2020/02/05]

IEB © Copyright 2020



## Tiener wen Nobelprys vir Vrede

Die kinderregte-aktiviste Malala Yousafzai (17) van Pakistan en Kailash Satyarthi (60) van Indië het Vrydag gesamentlik die Nobelprys vir Vrede ontvang.

Die twee word vereer vir hul "stryd teen die onderdrukking van kinders en jong mense en die reg tot onderwys vir alle kinders".

Yousafzai is twee jaar gelede deur die Taliban in die kop geskiet weens haar veldtog as jong tiener dat meisies ook mag skoolgaan. Ná haar herstel het sy 'n bekende op wêreldverhoë geword waar sy nie net vir meisies se reg tot onderwys gepleit het nie, maar ook vir versoening – ook vir diegene in die Taliban wat haar geskiet het.

Sy is die jongste Nobelpryswenner ooit.

Satyarthi volg in die spore van Mahatma Gandhi en neem leiding by verskeie vreedsame betogings teen die uitbuiting van kinders vir finansiële gewin.

Die verwagting was dat die pous en die Amerikaanse fluitjieblaser, Edward Snowden, moontlik die prys sou ontvang.

Gaan na <https://www.nobelprize.org/nobelprizes/peace/laureates/2014/press.html> om meer te lees oor Yousafzai en Satyarthi.

[Bron: <https://www.maroelamedia.co.za/nuus/wereld/tiener-wen-nobelprys-vir-vrede/>
<https://commons.wikimedia.org/wiki/category:Malala_Yousafzai>
<https://commons.wikimedia.org/wiki/category:Kailash_Satyarthi>
Datum van toegang: 2020/02/05]

IEB © Copyright 2020

**'n Brief aan my liefste, enigste Ouma**

20 April 2018



Wilmans en haar ouma

Nushca Wilmans van Pretoria-Oos skryf:

Dit is môre die 21ste April 2018, presies 'n jaar ná Ouma se dood.

Die tyd het so gevlieg. Tjoep! Weg! Tog is daar soveel oomblikke nog oor. Soveel om te sien en te beleef, mens kan wegdwaal in die toekoms. Ons weet nooit wat sal gebeur nie, ons bid maar vir die beste. Maar hoekom kan ons nie net dinge aanvaar nie?

Ek dink nou terug aan die middae ná skool en ekstra wiskundeklasse. Ouma het altyd vir my broodjies en tee gemaak en my dan voor by tannie Marna se huis afgelaai. En dan, op pad na my ma se huis, het ons altyd vir so 'n paar minute gepraat. Dan het ek vir Ouma gesoengroet by die roeshek, en 'n laaste soentjie gewaai.

Weet Ouma dat ek nog is omdat Ouma so vir my bid? Ja, dinge was makliker toe ek nog kind was, en ek mis dit.

Ek mis die pophuis by Smiley Kids se kleuterskool. Ek mis vakansies by die see. Ek mis my eerste verjaarsdagpartytjie met die opblaaskasteel. Hoe die son gesak het toe ons op die grasperk speel.

Ek mis Romeo en Julietta. Ek mis die groot boom agter in die Doornpoort-erf en die gras wat so stukkies groei, die oopgesnyde asdrombraai ... Ek mis hoe Ouma my met poppe bederf. Ek mis die parkie met die rondomtalie ... laat my swaai, laat my draai ...

*Verkoop maar my gedagtes vir 10 c 'n stuk,*
*Ek koop vir jou 'n pak swieties, vat dit saam in jou kosblik, my kind.*
*Verkoop my tyd, verkoop my woorde,*
*dit is die waardevolste dinge wat niks kos –*
*'n korreltjie sand, waardeer dit, wees dankbaar,*
*die wêreld is 'n pêrel in jou hand, my kind.*

Ek dra Ouma se woorde saam my. Dit is Ouma se gebede wat my pantser en warm hou teen die koue. Al die mooi herinneringe, en verjaarsdagkaartjies, die ou foto's en prentjies ...

Ouma is diep in my hart, Ouma is my engel.

[Bron: <https://maroelamedia.co.za/debat/briewe/n-brief-aan-my-liefste-enigste-ouma>
Datum van toegang: 2020/02/05]

IEB © Copyright 2020